Tegniese Tekene HG VR2 **November 2007**

Tegniese Tekene-beginsels en -konvensies moet vir die kandidate aangeleer word en nie net sekere tipes tekeninge en vrae nie. Dit sal die kandidaat in staat stel om enige soort vraag korrek te beantwoord.

Vraag 1: Vryhand van 'n huis

Die vraag is goed beantwoord.
Die insig wat deur die kandidate getoon is, was goed.
Daar is nog kandidate wat van instrumente gebruik maak om die isometriese asse te bepaal en/of om die hele vryhandtekening te teken.
Kandidate moet ook gewys word op die verskil tussen 'n vryhandtekening en 'n vryhandskets. Tekeninge het geen dubbellyne nie.

Vraag 2: Perspektief van vertrek

Die vraag is besonder goed beantwoord.
Bepaling van die verdwynpunte was baie beter as in die verlede.
Alle kandidate, met 'n paar uitsonderings, se verdwynpunte is korrek bepaal.
Van die kandidate besef nog nie dat as 'n punt aan die prentvlak raakl dieselfde punt direk daaronder ook op die grondvlak sal raak.

Vraag 3: Konvensies / Deursnee-aansigte

Die meeste kandidate ken nie die basiese beginsels en konvensies vir die teken van masjiendele nie.

Vraag 4: Samestelling

Die vraag is goed beantwoord deur die kandidate wat insig in masjiendele het.
Min kon die gedeeltelike arsering rondom die spy doen en die koeëllaers korrek teken.